Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VISUELE KUNSTE V1

## MEI/JUNIE 2025

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

*Kopiereg voorbehou*

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen sal jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Die gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede binne 'n historiese en kulturele konteks
- Die plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- 'n Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantste bladsye, met visuele bronne op die regterkantste bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. Jy MOET kunswerke wat jy self bestudeer het in die tweede deel van elke vraag gebruik.

   - Jy mag NIE kunswerke wat in hierdie vraestel voorkom, as jou voorbeelde van bestudeerde kunswerke gebruik NIE.
   - Jy mag NIE dieselfde kunswerke wat jy bestudeer het, in verskillende vrae herhaal NIE.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek vir die kunswerk wat jy bestudeer het. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou/struktuur.

8. Gebruik volsinne en paragrawe. 'n Lys met feite/tabelle is NIE aanvaarbaar NIE.

9. Beantwoord die vrae op 'n holistiese manier. Die kolpunte stem nie ooreen met 'n spesifieke punt nie, maar jy moet dit as riglyne in jou antwoorde op die vrae gebruik.

10. Wanneer jy 'n analise moet doen, moet jy 'n gedetailleerde bespreking verskaf wat 'n keuse van die volgende kriteria gebruik:

- Formele kunselemente, soos lyn, kleur, tekstuur, fatsoen/vorm en toonwaarde
- Komposisie, fokuspunt en balans, ens.
- Styl en media
- Tegniek
- Invloede
- Betekenis en interpretasie

11. Indien 'n vergelyking gevra word en daar is GEEN vergelyking in die antwoord NIE, sal jy gepenaliseer word.

12. Tydbestuur en lengte van antwoorde:

- Jy moet ongeveer 36 minute per vraag aan jou gekose VYF vrae bestee.
- Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.
    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

13. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

| |
|---|
| Beide Durant Sihlali en George Pemba se kunswerke gee ons insig in die daaglikse lewens van mense in Afrika. |

1.1 Skryf 'n opstel waarin jy FIGUUR 1a en FIGUUR 1b bespreek.

Gebruik die volgende riglyne:

- Beskryf hoe elke kunstenaar die daaglikse lewe uitgebeeld het.
- Kleur en lyn
- Diepte/Ruimte
- Styl
- Wat is die stories wat in elke skildery vertel word? (10)

1.2 Bespreek die kunswerke van enige TWEE kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat tonele van hulle daaglikse lewens vasgevang het.

Gebruik die volgende riglyne:

- Beskrywing van die spesifieke plek/omgewing van die toneel
- Formele kunselemente
- Styl
- Betekenis/Boodskap (10)

**[20]**



FIGUUR 1a: Durant Sihlali, ***Primville location (Primville-lokasie)***, waterverfskildery, 1971.



FIGUUR 1b: George Pemba, ***Unemployed (Werkloos)***, olieverf op bord, 1986.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORME**

| |
|---|
| Alexis Preller (FIGUUR 2a) en Maggie Laubser (FIGUUR 2b) is deur Afrika-kulture in hulle kunswerke beïnvloed. Beide kunstenaars het 'n persoon en 'n voël uitgebeeld. |

2.1 Skryf 'n opstel waarin jy FIGUUR 2a en FIGUUR 2b bespreek.

Gebruik die volgende as riglyne:

- Die ooreenkomste tussen FIGUUR 2a en FIGUUR 2b
- Komposisie
- Kleur
- Invloede van Afrika en/of inheemse kunsvorme
- Verduidelik hoekom FIGUUR 2a as *gestileerd* en FIGUUR 2b as *ekspressief* beskryf word. (8)

2.2 Bespreek die kunswerke van TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat deur Afrika- en/of inheemse kunsvorme beïnvloed is.


Gebruik die volgende as riglyne:

- Komposisie
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Invloed van Afrika en/of inheemse kunsvorme (12)

**[20]**



FIGUUR 2a: Alexis Preller, ***Herdboy (Veewagter) (Seun met Fluit)***, olieverf op doek, 1962.



FIGUUR 2b: Maggie Laubser, ***Bird, head and house in a landscape (Voël, kop en huis in 'n landskap)***, olieverf op bord, 1957.

## VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT

| |
|---|
| Kufa Makwavarara se kunswerk beeld uitbuiters ('loan sharks') uit wat korrup geword het deur hulle obsessie met geld. |

3.1 Bespreek hoe Makwavarara uitbuiters ('loan sharks') in FIGUUR 3a uitbeeld.

Verwys na die volgende riglyne:

- Die transformasie van die figure
- Simbolisme van die bykomstighede, hoede en liggaamsversierings
- Gebruik van kleur
- Hoekom skilder Makwavarara uitbuiters ('loan sharks') as 'n sosio-politieke kwessie? (8)

3.2 Bespreek TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat die aandag op sosiopolitieke kwessies in ons samelewing vestig.

Verwys na die volgende riglyne:

- Sosiopolitieke kwessies waaraan aandag gegee is
- Formele kunselemente
- Media en tegnieke
- Boodskap/Betekenis (12)

**[20]**

| | |
|---|---|
| **Uitbuiters ('loan sharks'):** | 'n Persoon wat geld aan jou leen en buitensporige hoë rentekoerse op terugbetalings hef. |
| **Liggaamsversierings:** | Versiering op/van die liggaam |




FIGUUR 3a: Kufa Makwavarara, ***Mashonisa ('loan shark') (uitbuiter)***, olieverfskildery, datum onbekend.

## VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Moshe Chauke se werk is deur herinneringe aan sy kinderjare van grootword in landelike Limpopo geïnspireer. Hy het geen foto's van sy familie nie en dus probeer hy sy eie deur sy tekeninge te skep. |

4.1 Beskryf en verduidelik hoe die kunstenaar die herinneringe aan sy kinderjare uitgebeeld het deur na die volgende te verwys:


- Die sirkel en die figuur
- Die negatiewe wit ruimte
- Simbolisme van die visuele beelde (8)

4.2 Skryf 'n opstel waarin jy die kunswerke van enige TWEE kunstenaars bespreek (EEN kunswerk per kunstenaar) wat kuns, kunsvlyt en/of geestelike werke geskep het.

Gebruik die volgende as riglyne:

- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Invloede en inspirasie
- Betekenis/Boodskappe (12)

**[20]**



FIGUUR 4a: Moshe Chauke, ***Bomba Ra Xintu ('Pride of Heritage') (Trots op Erfenis)***, houtskool en pastel, 2019.

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA

Die Duits-gebore kunstenaar, Anselm Kiefer, is bekend vir sy grootskaalse werke wat kwessies uit die onlangse geskiedenis ondersoek. Hy kombineer skilder, fotografie, gevonde voorwerpe en beeldhouwerke in sy installasie in FIGUUR 5a. Die kyker kan deur die ruimte loop en deel daarvan raak.

5.1 Hoe, dink jy, sal die kyker die installasie in FIGUUR 5a ervaar?

Gebruik die volgende riglyne:

- Bespreek die titel met betrekking tot die installasie.
- Gebruik van kleur, lig en stemming
- Tegniek en tekstuur op die mure en vloer
- Vergelyk hoe die ervaring van 'n installasie verskil van die besigtiging van 'n tradisionele tweedimensionele kunswerk. (10)

5.2 Analiseer die kunswerke van TWEE kontemporêre kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wat onkonvensionele materiale en tegnieke gebruik om idees en ervarings uit te druk.

Gebruik die volgende riglyne:

- Kort beskrywing van die kunswerk
- Invloede
- Media en tegniek
- Betekenis/Boodskappe (10)

**[20]**



FIGUUR 5a: Anselm Kiefer, ***Winterreise ('Winter Journey')***, installasie, emulsie, olie, akriel, skellak, houtskool op doek en hout met loodvoorwerpe, metaal, hars, hout, verbrande boeke en karton, 2015–2020.



FIGUUR 5b: Anselm Kiefer besig om in sy ateljee te werk.

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Identiteit is ons begrip van onsself. Ons identiteit bestaan uit legkaartstukke wat ons blyplek, ons ervarings, familie, etnisiteit, ras en kultuur insluit.

Wanneer ons probeer om ons identiteit te verstaan, mag ons sien dat die stukke nie bymekaar pas nie.

Roman Bearden (FIGUUR 6a) was 'n Amerikaanse kunstenaar, skrywer en liriekskrywer wat met baie tipes media gewerk het, onder meer collages wat die Amerikaanse lewe uitgebeeld het.

Lunga Ntila (FIGUUR 6b) is 'n Suid-Afrikaanse fotograaf wat met digitale collages werk. Sy ondersoek temas van identiteit en genesing.

6.1 Bespreek hoe die kunstenaars in FIGUUR 6a en FIGUUR 6b identiteit weerspieël.

Gebruik die volgende riglyne:

- Visuele beelde en gebruik van kleur
- Verhouding tussen die figure en die agtergrond
- Hoe die stukke bymekaar pas of nie bymekaar pas nie
- Uitdrukking van identiteit of van die eie ek (10)

6.2 Skryf 'n opstel oor TWEE kunstenaars wat hulle identiteit in demokratiese Suid-Afrika ná 1994 uitdruk (EEN kunswerk per kunstenaar).

Jy behoort na die volgende te verwys:

- Beskrywing van die kunswerk
- Formele kunselemente
- Materiale en tegnieke
- Kunstenaars se uitdrukking van identiteit (10)

**[20]**



FIGUUR 6a: Romare Bearden, ***Continuities (Aaneenlopendheid)***, collage op bord, 1969.

| | |
|---|---|
| **Aaneenlopendheid ('Continuities'):** | Ononderbroke of konsekwente bestaan met verloop van tyd |



FIGUUR 6b: Lunga Ntila, ***Ndimamelke (Luister na my)***, digitale collage, 2022.

## VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID

'Mans tree op en vroue verskyn.'
– John Berger

Die kunskritikus, John Berger, het gepraat oor hoe tradisionele kunswerke vroue as passief en mans as aktief uitgebeeld het.

7.1 Verwys die kunswerke in FIGUUR 7a en FIGUUR 7b na die idee van vroue as passief en mans as aktief?

Jy behoort na die volgende riglyne te verwys:

- Aksies, kleredrag en voorkoms van die figure
- Betekenis van die omgewing (aktiwiteit in die omgewing)
- Gebruik van materiale en styl
- Die belangrikheid van wit in elke komposisie (10)

7.2 Bespreek hoe kunstenaars aandag gegee het aan idees oor geslag deur TWEE spesifieke kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) te analiseer.


Jy behoort die volgende as riglyne vir jou antwoord te gebruik:

- Geslagskwessies waaraan aandag gegee word
- Formele kunselemente
- Materiale en tegnieke
- Hoe die kunstenaars probeer om die kyker oor geslagskwessies te laat nadink (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Billie Zangewa, ***Ma Vie En Rose (My lewe in Pienk)***, geborduurde sytapisserie, 2015.



FIGUUR 7b: Bambo Sibiya, ***Zibuya Ngokuzolala Uma Zishukana Umqondo ('Hulle kom terug om te slaap as hulle geestelik uitgeput is')***, gemengde media op doek, 2018.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

***Wilderness (Wildernis) Bisate*** bestaan uit ses ruim villas wat soos voëlneste op bome rus. Hulle boots ook die vulkaniese pieke wat in die verte staan, na. Die argitekte bring hulde aan die tradisionele Rwandese argitektoniese tegnieke terwyl kontemporêre elemente ingesluit word.

8.1 Skryf 'n opstel deur na FIGUUR 8a, 8b, 8c en 8d te verwys en die volgende riglyne te gebruik:

- Identifiseer enige TWEE materiale wat die argitek in die konstruksie van die geboue gebruik het.
- Verduidelik die funksie van enige TWEE materiale wat gebruik is.
- Patroon en vorm van die geboue
- Bespreek die verband tussen die geboue en die omgewing. (8)

8.2 Bespreek TWEE geboue/strukture wat jy bestudeer het en wat jou geïnspireer het met die innoverende gebruik van materiale en boutegnieke.

Gebruik die volgende riglyne:

- Ontwerp van struktuur
- Invloede
- Funksie
- Verduidelik hoe die materiale en boutegnieke op 'n innoverende manier gebruik is. (12)

**[20]**



FIGUUR 8a en 8b: Nick Plewman Argitekte, ***Rwanda Lodge, Rwanda Wilderness (Wildernis) Bisate*** (Africa), foto's deur Crookes en Jackson geneem, 2018.



FIGUUR 8c en 8d: Nick Plewman Argitekte, ***Rwanda Lodge, Rwanda Wilderness (Wildernis) Bisate***, ses ruim, voëlnesagtige villas rus op ruie plantegroei, datum onbekend.

| | |
|---|---|
| **Bisate:** | Dit beteken 'stukke' in Kinyarwanda, wat na 'n vulkaan se natuurlike erosie verwys. |

**TOTAAL: 100**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## VISUELE KUNSTE V1

## MEI/JUNIE 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 100**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 21 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Hierdie nasienriglyne bestaan uit AGT antwoorde. Kandidate moes enige **VYF** vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.

2. Dit is BAIE BELANGRIK dat toegewings gemaak word aan kandidate in baie gevalle:
   - Kandidate moet krediet ontvang vir hul eie menings en idees in hul antwoorde waar van toepassing. Geen negatiewe nasien nie.
   - Die is belangrik dat argumente en stellings beredeneer/gemotiveer/gestaaf en gekwalifiseer is deur verysing na bronne/kunswerke.
   - Krediet moet aan laterale denke gegee word.

3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Kolpunte ('Bullets') dien as riglyne om kandidate te help om hul antwoorde te struktureer.

4. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.

5. Waar van toepassing, moet kandidate die naam van die kunstenaar en titel van elke kunswerk voorsien vir elke kunswerk genoem. Slegs EEN punt word vir die korrekte kunstenaar en titel van die werk toegeken. EEN punt moet afgetrek word as daar geen vergelyking gemaak is nie in 'n vraag wat kandidate versoek om te vergelyk.

6. Kandidate kan beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.

7. ***Onthou dat baie kandidate hierdie voorbeelde sal bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Kandidate kan uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet kandidate krediet kry vir hulle eie menings en idees waar van toepassing. Nasieners moet onbevooroordeeld en buigsaam in die nasienproses wees.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

Hierdie nasienriglyne dien as 'n riglyn vir nasieners asook 'n onderrigmiddel. Daarom is die nasienriglyne vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word.

**NOTA:** Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.

- Alhoewel die inligting vir die vrae in puntvorm gegee word, moet kandidate opstel/paragraaf formaat gebruik om hulle inligting in 'n holistiese wyse te bespreek.
- Dit is belangrik dat argumente beredeneer/gemotiveer/gestaaf en gekwalifiseer word deur verwysing na bronne/kunswerke.
- Kandidate moet VOLSINNE gebruik om paragrawe te konstrueer. Antwoorde wat puntsgewys geskryf is, kan nie volpunte kry nie. Volpunte kan nie toegeken word as die titel of kunstenaar verkeerd is nie.
- Nasieners moet na die KABV-dokument vir Visuele Kunste, bladsy 45, verwys vir 'n riglyn om die prestasievlakke te assesseer.

**Assessering van kandidate se vermoë om voorbeelde van visuele kultuur te ontleed en daarop te reageer**

| PRESTASIE-KODE | ONDERWERP 3: VISUELE KULTUUR-STUDIES |
|---|---|
| **7**<br>**Uitstekend**<br>**80–100%** | • Toon uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings. |
| **6**<br>**Verdienstelik**<br>**70–79%** | • Toon 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon uitstekende insig en begrip. |
| **5**<br>**Aansienlik**<br>**60–69%** | • Toon aansienlike vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon aansienlike vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n goeie vlak van insig en begrip. |
| **4**<br>**Gemiddeld**<br>**50–59%** | • Toon gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip. |
| **3**<br>**Bevredigend**<br>**40–49%** | • Toon bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip. |
| **2**<br>**Elementêr**<br>**30–39%** | • Toon slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip. |
| **1**<br>**Nie behaal nie**<br>**0–29%** | • Toon 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding tot hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.<br>• Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kunste-terminologie.<br>• Toon beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.<br>• Toon min of geen begrip of insig nie. |

Kopiereg voorbehou 

**NASIENERS MAG SLEGS DIE EERSTE VYF VRAE NASIEN EN AS 'n KANDIDAAT MEER AS DIE VEREISTE AANTAL VRAE GEDOEN HET SAL SLEGS DIE EERSTE VYF GEKREDITEER WORD.**

**KANDIDATE MOET ENIGE VYF VRAE BEANTWOORD IN ENIGE VOLGORDE.**

**Die volgende puntetoekenning moet nagekom word wanneer slegs EEN kunswerk/kunstenaar bespreek is in plaas van twee.**

**6 punte (maks 3)**
**8 punte (maks 5)**
**10 punte (maks 6)**
**12 punte (maks 7)**
**14 punte (maks 8)**
**20 punte (maks 12)**

**As daar geen vergelyking is nie – 1 punt**

**As gevolg van die <u>kleurverskille</u> van die vraestelle van verskillende provinsies, moet die provinsies die nasienersriglyne vir interpretasie aanpas.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

| |
|---|
| Beide Durant Sihlali en George Pemba se kunswerke gee ons insig in die daaglikse lewe van mense in Afrika. |

**FIGUUR 1a**: Durant Sihlali, ***Pimville location (Pimville lokasie)***, waterverf skildery, 1971.
**FIGUUR 1b**: George Pemba, ***Unemployed (Werkloos)***, olieverf op bord, 1986.

1.1 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle **FIGUUR 1a** en **FIGUUR 1b** bespreek deur die volgende as riglyne te gebruik:

- **Beskryf hoe elke kunstenaar die daaglikse lewe uitbeeld**

**FIGUUR 1a** beeld 'n buitenhuise toneel uit in 'n informele nedersetting. Daar is 'n vroulike figuur met 'n baba op haar rug en 'n hond loop in die rigting van die huisies. Twee kinders speel op 'n drom terwyl twee volwassenes leun teen 'n wa-agtigtige struktuur.

**FIGUUR 1b** is 'n binneshuise toneel met 'n vaderfiguur wat uit toring oor twee klein kindertjies. Een kniel op die vloer en hou 'n lepel vas oor 'n bak pap, terwyl die ander kind hurk langs hom en wegkyk. 'n Ouer vrou sit op 'n bank en kyk na die kinders. Dit blyk etenstyd te wees.

- **Kleur en lyn**

In **FIGUUR 1a** gebruik Sihlali komplementêre kleure in die okers en perse. Geel in die gebou aan die linkerkant en die hond, sowel as pers aan die regterkant in die skaduwees en hutte, is komplementêre kleure. Die gebruik van witte in groot areas van die komposisie dra by tot die helderheid van die skildery. Dit, tesame met die sagte pastelkleure skep 'n ligte en ietwat geromantiseerde stemming wat die realiteit van die toneel weerspreek. Die werk is meer impressionisties as gevolg van die lig wat op verskillende areas van die werk val. Dit is 'n oomblik in tyd en skaduwees in blou en pers.

**FIGUUR 1b** reflekteer 'n donkerder ruimte weens die dominante gebruik van bruine in die agtergrond. Die witte wat gebruik is in die kleredrag van die figure trek aandag na elkeen van die individue wat warm kleure soos okers as ligpunte op hul velle het. Koel bloue is gebruik as skaduwees in die man en kinders se hemde en die vrou se serp op haar kop. Heldergroen op die kombuiskas kontrasteer met die komplementêre kleur van rooi wat gebruik is vir die teekoppie en laslap op die man se broek.

Die landskapformaat van **FIGUUR 1a** skep 'n sterk horisontale lyn en die strukture van die huisies skep herhalende vertikale lyne. Daar is diagonale lyne in die dakke en in die bene van die hond en figuur wat stap en dus 'n gevoel van beweging skep. Die gebruik van waterverf skep 'n ekspressiewe komposisie met dowwe buitelyne.

In **FIGUUR 1b** is daar soliede donker buitelyne rondom die figure en die voorwerpe in die agtergrond. Die sterk vertikale lyn van die staande man skep 'n gevoel van oorheersing. Sy bolyf is vooroor gebuk en skep daardeur 'n diagonale lyn wat die moeilike situasie van werkloos wees, reflekteer. Dit is herhaal in die bukkende liggaamshouding van sy vrou. Die sterk diagonale lyn van die boonste liggaam skep stres en kan die stresvolle situasie van werkloosheid versterk. Die werk is meer ekspressief as gevolg van die emosies en proporsie van die seuntjies teenoor die pa en ma. Dit is 'n desperate en hulpelose situasie.

- **Diepte/ruimte**

In **FIGUUR 1a** is diepte geskep deur die gebruik van lynperspektief. Die lyne by die basis van die huisies en die dakke is diagonaal wat bymekaar kom op 'n verdwyningspunt. Die huisies raak kleiner na agter. Daar is oop ruimte in die lug en in die voorgrond.

**FIGUUR 1b**

Die binnenshuise uitbeelding van **FIGUUR 1b** wys 'n geslote ruimte met die figure naby aan mekaar. Die gebruik van bruin op die figure en die muur agter verplat die prentruimte tot 'n mate. Tog is daar 'n mate van illusie van diepte geskep deur die skaduwees van die figure op die vloer, die kombuiskas en die gordyn in die agtergrond. Die diagonale lyne van die bank waarop die vrou sit en die lyn van die vloer is op verskillende hoeke wat ook die illusie van diepte skep.

- **Styl**

Beide kunswerke is figuratief aangesien dit tonele uit die werklike lewe uitbeeld, maar dit nie weergee in realistiese detail nie. **FIGUUR 1a** is ekspressief omdat die lae waterverf en los kwashale wat indrukke van figure met verdofte en sagte kontoere skep.

In **FIGUUR 1b** skep die soliede aanwending van verf en die gebruik van toonwaardes, sterk kragtige gedefinieërde figure. Daar is 'n mate van vereenvoudiging van vorm in die gelaatstrekke, veral in die seuntjie aan die linkerkant op die grond.

- **Wat is die stories wat in elke skildery vertel word?**

**FIGUUR 1a** wys mense besig met hul daaglikse lewe. Dit is 'n spesifieke area wat die kunstenaar gedokumenteer het vanaf 'n afstand. Dit blyk kalm en vreedsaam te wees. **FIGUUR 1b** beeld die druk van werkloosheid op 'n familie uit soos die pa en ma kyk na hul twee klein kinders terwyl hulle uit een bak eet. Die afgeslote ruimte van die vertrek versterk die idee dat hulle in armoede vasgevang is. Die twee volwassenes se houdings reflekteer die desperaatheid en hulpeloosheid waarmee hulle gekonfronteer word. Hul desperate armoede kan ook gesien word aan die yl /skaars meubels in die huis. (10)

1.2 Kandidate moet die kunswerke van enige TWEE kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) bespreek wat tonele van hulle daaglikse lewe vasgevang het.

Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Beskrywing van die spesifieke plek/omgewing van die toneel
- Formele kunselemente
- Styl
- Betekenis/boodskappe (10)

**[20]**

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS**

Alexis Preller (FIGUUR 2a) en Maggie Laubser (FIGUUR 2b) was beïnvloed deur Afrika kulture in hul kunswerke. Beide kunstenaars het ŉ persoon en ŉ voël uitgebeeld.

**FIGUUR 2a:** Alexis Preller, ***Herdboy (Boy with flute) (Veewagter (Seun met Fluit),*** olieverf op doek, 1962.
**FIGUUR 2b:** Maggie Laubser, ***Bird, head and house in a landscape (Voël, kop en huis in 'n landskap),*** olieverf op bord, 1957.

2.1 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle FIGUUR 2a en FIGURE 2b bespreek deur na volgende riglyne te verwys:

- **Die ooreenkomste tussen FIGUUR 2a en FIGUUR 2b**
  Beide skilderye beeld 'n figuur met vereenvoudigde maskeragtige gelaatstrekke uit saam met 'n voël. Beide skilderye het surrealistiese elemente in terme van die interaksie tussen die figure en hul omgewing.

  In **FIGUUR 2a** blyk dit dat die vollengte figuur in tradisionele drag ronddryf voor 'n rotsagtige struktuur, terwyl fluit gespeel word en tesame met 'n ongewone voël wat ronddryf in die ruimte. **FIGUUR 2b** beeld 'n oranje kraanvoël uit wat saamsmelt met 'n vereenvoudigde kop van 'n vrou. Die paadjie vloei na haar bors.

- **Komposisie**
  Beide het reghoekige portret formate met die figure effens weg van die middel geplaas. Die figure in beide komposisies is die fokuspunte weens hul vergrote skaal. Beide werke is gebalanseerd aangesien voorwerpe in die regterkant balanseer met die figuur links.

  In **FIGUUR 2a** is daar 'n donker grys-blou vlak aan die regterkant met die figuur in 'n groter oop ruimte links. Die voël oorvleuel die twee vlakke.

  In **FIGUUR 2b** word die portret van die vrou en 'n kraanvoël gebalanseer met die huis in die verte en paadjie aan die regterkant.

- **Kleur**
  **FIGUUR 2a:** Die kleure is oorwegend koel en gedemp met minimale kontrasterende warm kleure. 'n Groot deel van die agtergrond is 'n baie ligte skakering in vergelyking met die baie donker kleure wat vir die figuur en rots in die voorgrond gebruik word. Die kontrasterende kleure beklemtoon die figuur.

  **FIGUUR 2b:** Die skildery het 'n verskeidenheid van kontrasterende warm oranje en bruin met turkoois en koel groen kleure. Die lig-getinte wolk in die agtergrond beklemtoon die helderheid van die res van die kleure en skep diepte in die komposisie.

- **Invloede van Afrika en/of inheemse kunsvorms**
  **FIGUUR 2a** is vereenvoudig en gestileerd in 'n styl soort gelyk aan sommige Afrika beeldhouwerke. Die patrone op die klere en die juweliersware herlei na Afrika versierings. Die voël is vereenvoudig in geometriese vorms wat lyk soos die dekoratiewe patrone gesien in Afrika-kuns.

  **FIGUUR 2b** word gedomineer deur 'n kop wat lyk na 'n Afrika masker met 'n tulband op. Die turkoois lyn verdeel die gesig in die middel wat die neus en mond wat uitgelaat is, verteenwoordig. Die oë kyk afwaarts en is sterk omlyn.

- **Verduidelik hoekom FIGUUR 2a as gestileerd beskryf kan word en FIGUUR 2b as ekspressief.**

  In **FIGUUR 2a** raak die figuur 'n dekoratiewe simbool met die liggaamsdele verwring. Die kop is klein met breë skouers, dik arms met 'n dun middel. Die heupe en voete is oordryf en groter as die torso. Die plat dekoratiewe vorms waarin die figuur verdeel is dra by tot die gevoel van gestileerheid.

  In **FIGUUR 2b** is die skildery ekspressief weens die sigbare kwashale wat in die kop, hand, wolke en landskap gesien kan word. Die kleure is helder en kontrasterend en herinner aan Duitse Ekspressionisme. Die donker omlyning beklemtoon en verplat die vorms. (8)

2.2 Kandidate moet die kunswerke van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) bespreek wat beïnvloed is deur Afrika- en/of inheemse kunsvorms. Hulle moet die volgende as riglyne gebruik:

- Komposisie
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Invloed van Afrika en/of inheemse kunsvorms (12)

**[20]**

**VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, INSLUITEND WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's**

| |
|---|
| Kufa Makwavarara se kunswerk beeld uitbuiters ("loan sharks") uit wat gekorrupteer is deur hul obsessie met geld. |

**FIGUUR 3a:** Kufa Makwavarara, ***Mashonisa (loan shark) Mashonisa (uitbuiter),*** olieverf skildery, datum onbekend.

**Woordelys:**
**Uitbuiters ('loan sharks'):** 'n Persoon wat geld leen aan jou en buitensporige hoë rentekoerse op terugbetalings verwag.
**Liggaamsversierings:** Versiering op/van die liggaam.

3.1 Kandidate moet bespreek hoe Makwavarara uitbuiters ('loan sharks') uitbeeld in FIGUUR 3a.Hulle moet na die volgende as riglyne verwys:

- **Die transformasie van die figure**

Die mense in **FIGUUR 3a** blyk om in 'n proses van transformasie te wees waar hulle verontmenslik word. Die uitgestrekte hande van die lig-bruin figuur regs lyk amper meganies in die manier wat die bene uitsteek. Die bloue en silwer lippe van die figuur aan hul regterkant het ook 'n meganiese of robotagtige gevoel. Die ingesakte wange van die lig-bruin figuur kom skedelagtig voor en hul leë oë versterk die monsteragtige kwaliteite. Die twee figure in die voorgrond steek hulle arms uit soos zombies wat by die dooies spook soos hulle na die lig van die ATM beweeg. Die ronde sirkelagtige vorms op die arms en borste van die donker bruin en rooi figure word beklemtoon en kan geïnspireer wees deur tradisionele Afrika-patrone. Hulle het 'n verskeidenheid van moontlike interpretasies: dit lyk soos spirale vasgelê in die vel of hulle kan as oordrewe insnydingspraktyke, of selfs, 'n tipe van harnas soos 'n koeëlvaste baadjie.

- **Simbolisme van die bykomstighede, hoede en liggaamsversierings**

Die juweliersware is oordrewe. Die bykomstighede soos dié met dollartekens verwys na Hip Hop-kultuur, met 'n fokus op handelsname wat na statussimbole verwys. Die Orlando Pirates-hemp verwys na sokkerkultuur en moontlik na sportweddenskappe. Die skeermeslemmetjies verwys na dwelmkultuur. Die kneukelwapen en skeermeslemmetjiesjuwele verwys ook na straatgeweld. Die man in die voorgrond het 'n ring aan amper elke vinger, armbande en lae halskettings. Die goud en diamante van die juweliersware praat van 'n obsessie met rykdom wat versterk word deur die dollar tekens van sy halsnoere en die baie bankkaarte in sy hoed. Die Sassa kaarte is opgestapel asof hy hulle onwettig versamel het, terwyl halskettings wat "bossing" sê die obsessie met mag uitwys. Die ID-boek kan dalk identiteitsdiefstal aandui. Die haai aan die lig-bruin figuur se halsketting is 'n spel op die woord 'loan shark' maar ook die verwysing na 'n haai wat dikwels gekarakteriseer word as gevaarlik en kan skade aanrig. Die donker bruin figuur aan die regterkant dra 'n armband met speke wat uitstaan wat net so bedreigend is. In die juweliersware sien ons 'n liefde vir geld, gulsigheid en die manier wat 'loan sharks' vrees inboesem om hul materiële begeertes te voed.

- **Gebruik van kleur**

Bloue, bruine, okers en rooi oorheers die komposisie. Die kleure in die skildery is versadig. Ons sien donker, ryk bruine op die vel van vier van die figure met verhoogte ryk bloue op hul vel wat lyk asof dit blou lig van die ATM reflekteer. Ons sien ook verhoogde kleur in die oranje-rooi kleur van die vel van die man aan die linkerkant.

- **Hoekom skilder Makwavarara uitbuiters ("loan sharks") as 'n sosio-politieke kwessie?**

Makwavarara verwys na kwessies van armmoede, korrupsie en gulsigheid in die samelewing. Hy wys "loan sharks" as onheilspellende monsters wat teer op behoeftige mense en hul gebrek aan kennis. Hulle blyk om hul posisie te misbruik en eerder as om mense te help, soek hulle geld en materiële goedere. Dit is 'n sosio-politieke kwessie aangesien hulle die mag het om mense bang te maak en leed aan te doen. (8)

3.2 Kandidate moet TWEE Suid-Afrikaanse kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) bespreek wat aandag vestig op sosiopolitieke kwessies in ons samelewing deur te verwys na die volgende riglyne.

- Sosiopolitieke kwessies aangespreek
- Formele kunselemente
- Media en tegnieke
- Boodskap/betekenisse (12)

**[20]**

## VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK VAN LANDELIKE SUID-AFRIKA

Moshe Chauke se werk is geïnspireer deur sy kinderdae herinneringe van groot word in landelike Limpopo. Hy het geen foto's van sy familie nie en so probeer hy sy eie te skep deur sy tekeninge.

**FIGUUR 4a:** Moshe Chauke, ***Bomba Ra Xintu (Pride of Heritage) (Trots op Erfenis),*** *houtskool en pastel, 2019.*

4.1 Kandidate moet beskryf en verduidelik hoe die kunstenaar sy kinderdae herinneringe uitgebeeld het deur na die volgende te verwys:

- **Die sirkel en die figuur**

Die ronde vorm lyk soos 'n gelerige son of 'n maan waarin 'n landelike landskap met tradisionele hutte, bome en elektriese pale uitgebeeld word. Die sirkelvorm kan 'n borrel voorstel aangesien die kante van die sirkel geskadu is. Daar is 'n kontras tussen die kleur van die sirkel en die swart-en-wit figuur. Dit kan 'n kontras tussen 'n goeie herinnering en haar huidige omstandighede as moeiliker voorstel. Die landskap is oop en verlate, met geen sigbare mense nie. Die groot vrouefiguur in tradisionele drag domineer die komposisie. Sy dra 'n T-hemp en 'n los kleed is oor haar een skouer geknoop. Sy dra 'n ronde kleipot wat water of tradisionele bier bevat. Sy is versier met tradisionele armbande aan beide arms en haar been. Die kunstenaar het die figuur uitgebeeld asof sy na ons (die kykers) loop, maar haar arm verberg haar gesig van die aansig. Haar been is na vore, die vloeiende voue van haar klere en die posisie van haar arms skep 'n gevoel van beweging. Die figuur oorvleuel met die ronde vorm en gooi 'n baie donker skaduwee na die regterkant van die komposisie.

- **Die negatiewe wit ruimte**

Die negatiewe wit ruimte wat die figuur en die ronde vorm omring, vorm 'n groot deel van die komposisie. Die wit fokus die kyker se aandag op die figuur en die gelerige sirkel. Die wit area rondom die figuur kan geïsoleerde herinneringe verteenwoordig wat op 'n spesifieke gebeurtenis of persoon fokus sonder besonderhede daaromheen. Die swart-en-wit figuur herinner ons aan 'n swart-en-wit foto, want die kunstenaar het geen foto's van sy mense gehad nie.
Die wit ruimte definieer ook die ruimte waarin die vrou is. Dit is dubbelsinnig en ongedefinieer wat 'n gevoel van leegheid en isolasie skep.

- **Simbolisme van die visuele beelde**

Die kombinasie van die geel sirkel en die figuur skep amper 'n droomagtige plek. Die uitbeelding van die landelike landskap in die gelerige sirkel skep die indruk dat die kunstenaar daardie omgewing onthou. Dit lyk soos 'n kyksoeker ('viewfinder') wat 'n kollig fokus op sy kinderdae herinneringe. Daar is simboliek van die elektriese pale tussen tradisionele hutte. Dit kan die tradisionele lewenswyse aandui wat deur tegnologie ontwrig is. Die pot en tradisionele versierings simboliseer tradisionele erfenis.

Die figuur wat eens deel van die landskap was, is nou geskei. Hierdie skeiding word versterk deur die uitbeelding van die figuur in swart en wit. Die kleding van die figuur verteenwoordig trots en 'n verbintenis met erfenis. (8)

4.2 Kandidate moet 'n opstel skryf waarin hulle die kunswerke van enige TWEE kunstenaars bespreek (EEN kunswerk per kunstenaar) wat kuns, kunsvlyt en/of geestelike werke geskep het.

Hulle kan die volgende riglyne gebruik:

- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Invloede en inspirasie
- Betekenis/boodskap (12)

**[20]**

## VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORMS IN SUID-AFRIKA

| |
|---|
| Duits-gebore kunstenaar, Anselm Kiefer, is bekend vir sy grootskaalse werke wat kwessies van die onlangse geskiedenis ondersoek. Hy kombineer skilder, fotografie, gevonde voorwerpe en beeldhouwerke in sy installasie in FIGURE 5a. Die kyker kan deur die ruimte loop en deel raak daarvan. |

**FIGUUR 5a**: Anselm Kiefer, ***Winterreise,*** Installasie, emulsie, olie, akriel, skellak, houtskool op doek en hout met loodvoorwerpe, metaal, hars, hout, gebrande boeke, karton, 2015–2020.

**FIGUUR 5b**: Anselm Kiefer besig om te werk in sy ateljee.

5.1 Kandidate moet skryf oor hoe hulle dink die kyker die installasie in Figuur 5a sal ervaar.

- **Bespreek die titel in verhouding tot die installasie**

Die idee van winter word opgeroep in die titel, ***Winterreise***. Voor die hand liggend is die donker kaal bome bedek met 'n wit rypagtige middel aan beide kante van die installasie ruimte. Die vloerruimte en alle voorwerpe is bedek in gryse en witte wat 'n ysige en winteragtige gevoel skep. Die idee van 'n reis word gereflekteer in die tonnelagtige ruimte wat agter die voorgrond lê. Dit skep die idee dat die kyker verder in die uitstallingsruimte kan stap en betrokke raak met die verskillende dele van die uitstalling soos ervarings tydens 'n reis. 'n Reis is iets wat nog nie voltooi is nie. Dit kan verwys na 'n spesifieke seisoen in iemand se lewe.

- **Gebruik van kleur, lig en stemming**

Die beperkte monochromatiese gebruik van gryse, witte en swart skep 'n kil, afsydige en koue stemming. Die hoek areas van donker bome skep 'n onheilspellende skaduplek. Die helder wit geskilderde dele kan sneeuval verteenwoordig en trek jou aandag na die grond as 'n uitnodiging om aan te hou loop deur die installasie. Dat lyk asof dit natuurlike lig is wat binnekom in die agterkant van die uitstalling. Die stemming geskep deur kleur en lig is een van isolasie soos jy jouself deur 'n skynbare verlate plek navigeer met 'n bietjie lig aan die einde van die tonnel. Die bed lyk koud en hard. Dit lyk nie soos 'n bed wat jy onder 'n warm kombers van die koue kan wegkom nie. Daar is geen ontsnapping aan die winter in hierdie verlate plek nie. Die kamer met bome aan die binnekant skep 'n onheilspellende gevoel asof die winter nie net buite koud is nie, maar ook binne.

- **Tegniek en tekstuur op die mure en vloer**

Kiefer beeld die bome op die muur uit sodat dit voorkom as gebrande en geskende vorms op die muuroppervlak. Die wit areas in die agtergrond en die vloer blyk geskilder te wees in dik getekstureerde kwashale. Die hele uitstallingsruimte kom voor as rof, gehawend en geskeurde oppervlaktes wat in 'n toestand van verval is.

- **Vergelyk hoe die ervaring van 'n installasie verskillende is van die besigtiging van 'n tradisionele twee-dimensionele kunswerk**

Die installasie laat die kyker toe om omring te word deur of verswelg te word deur die geskilderde mure, vloer en ander objekte in die uitstallingsruimte. Die lewensgrootte bed en drie-dimensionele vorms van sampioene dra by tot die vreemde ervaring van om te wees in die ruimte. Dit skep 'n gevoel van verlore wees in 'n koue troostelose woud. Die ervaring van die installasie is totaal anders as om net na 'n twee-dimensionele kunswerk te kyk. Die kyker is heeltemal betrokke in die installasie met sig, klank en beweging, wat meer sintuie van die liggaam betrek as 'n twee-dimensionele kunswerk, wat hoofsaaklik 'n visuele interaksie is. (10)

5.2 Kandidate moet die kunswerke van TWEE kontemporêre kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) analiseer wat onkonvensionele materiale en tegnieke gebruik om idees en ervarings uit te druk.

Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Kort beskrywing van die kunswerk
- Invloede
- Media en tegniek
- Betekenis/boodskappe Invloede (10)

**[20]**

## VRAAG 6: POST-1994 DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA

Identiteit is ons begrip van onsself. Ons identiteit is soos legkaartstukke wat insluit waar ons bly, ons ervarings, familie, etnisiteit, ras en kultuur.

Wanneer ons probeer om ons identiteit te verstaan, mag ons sien dat die stukke nie saam pas nie.

Roman Bearden (FIGURE 6a) was 'n Amerikaanse kunstenaar, skrywer en liriekskrywer wat in baie tipes media gewerk het, insluitende collages wat Amerikaanse lewe uitgebeeld het.

Lunga Ntila (FIGURE 6b) is 'n Suid-Afrikaanse fotograaf wat met digitale collages werk. Sy ondersoek temas van identiteit en genesing.

**FIGUUR 6a**: Romare Bearden, ***Continuities (Aaneenlopendheid)***, collage op bord, 1969.
**FIGUUR 6b**: Lunga Ntila, ***Ndimamele (Listen to me) (Luister na my)***, digitale collage, 2022.

6.1 Kandidate moet bespreek hoe die kunstenaars in FIGUUR 6a en FIGUUR 6b identiteit reflekteer.

Hulle behoort die volgende riglyne te gebruik.

- **Visuele beeldgebruik en gebruik van kleur**

**FIGUUR 6a** lyk soos 'n visuele beeld van 'n familie in die middel is 'n deftig geklede man met 'n hoed wat 'n jong kind teen sy bors vasdruk. FIGUUR 6a toon die kop van 'n volwasse meisie op die baba se lyf. Langs hom is 'n vrou. Daar is 'n donkie agter die muur waar langs hulle staan. Daar is baie gedempte kleure in die kunswerk met die grys muur, grys pak klere en gedeeltelike grys van hulle velkleur. Die man en vrou het ook gedeeltelike bruin velkleur. Hierdie gedempte kleure kontrasteer met die rooi blok in die agtergrond. Daar is ook die primêre kleur van blou in die vrou se bene gebruik en 'n lyn agter die figuur wat 'n speelse element na die kunswerk bring.

In **FIGUUR 6b** sien ons 'n enkele figuur. Sy poseer met haar regter voet uitwaarts en haar hand agter haar kop, terwyl sy oogkontak met die kyker maak. Sy is geklee in tradisionele kleredrag met 'n nekstuk. Die kleur van die figuur is hoofsaaklik in swart wat kontrasteer met die wit materiaal. Die diep swart van haar klere smelt saam met die agtergrond. Die helder rooi lipstiffie en bykomstighede staan uit teen die swart en wit.

- **Verhouding tussen die figure en die agtergrond**

In **FIGUUR 6a** lyk dit of die mense buite 'n gebou wag. Dit is onduidelik of dit hulle huis is, maar die besem langs die vrou suggereer dat dit 'n huishoudelike ruimte kan wees, of 'n stowwerige ruimte waarvoor hulle verantwoordelik is. Hulle blyk onbewus te wees van die donkie se teenwoordigheid agter hulle. Dit is 'n landelike gebied, as gevolg van die donkie en twee klein kuikens regs voor.

**In FIGUUR 6b** smelt die figuur met die agtergrond saam. Haar bolyf, bo-arms en die onderste baan van haar romp is dieselfde kleur as die swart van die agtergrond. Sy is amper onsigbaar, behalwe vir die kulturele kleredrag, bykomstighede en haar lipstiffie wat uitstaan en haar in sig bring.

- **Hoe die stukke bymekaar pas of nie saam pas nie**

In **FIGUUR 6a** kom die collage dele van verskillende bronne. Bearden het hande, oë en dele van die kind se gesig van fotografiese bronne saamgebring met plat uitgeknipte stukke papier, soos die bruin vorms van die vel. Die fotografiese elemente help om die figure herkenbaar te maak. Dit is duidelik dat daar 'n onsamehangendheid tussen die figure se gesigte, deels grys, deels bruin en die deels fotografiese beeldgebruik, is. Bearden het die geplakte en uitgeknipte dele as diskrete eenhede gelos. Hy het nie probeer om die verskillende stukke te integreer nie.

In **FIGUUR 6b** is daar dele van haar gesig wat uit balans is, soortgelyk aan die fragmentasie wat ons in Bearden se werk sien. Haar regteroog is geplak as 'n blok en effens hoër as waar haar oog sou wees en haar neus is geskep deur twee dele.

- **Uitdrukking van identiteit of van die eie ek**

Die figure in **FIGUUR 6a** is gemaak deur verskillende collage dele geskep. Hulle identiteit is nie net een deel nie, maar ons begin sien baie dele wat bepaal wie hulle is. Dit is interessant dat die man, vrou en kind almal die grys gedeeltes in hul gesigte deel wat 'n familieverbintenis suggereer en moontlik die aaneenlopendheid van hul identiteit. Die vrou en man het bruin vorms as deel van hul gesigte en die vrou se arms.

Die feit dat die figuur in **FIGUUR 6b** met die agtergrond saamsmelt suggereer dat sy kon besig wees om te worstel om haar self te vind of te laat geld. Daar is 'n ongemak in die wanbalans van haar gelaatstrekke, wat kan dui dat sy nog in die proses is om haar identiteit te ondersoek en besig is om haarself te begin verstaan. Die rooi lipstiffie, moontlike Westerse invloed, staan duidelik uit in die prent. Tog is haar tradisionele kralenekstuk dieselfde kleur en dui daarop dat Ntila begin het om maniere te vind om die skynbare verskillende dele van haar identiteit te versoen. (10)

6.2 Kandidate moet 'n opstel skryf oor TWEE kunstenaars wat hul identiteit in Post-1994 demokratiese Suid-Afrika uitdruk. (EEN kunswerk per kunstenaar).

Hulle behoort na die volgende te verwys:

- Beskrywing van die kunswerk
- Formele kunselemente
- Materiale en tegnieke
- Kunstenaars se uitdrukking van identiteit (10)

**[20]**

**VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID**

***Mans tree op en vroue verskyn***– John Berger

Die kunskritikus John Berger het gepraat hoe tradisionele kunswerke vroue as passief en mans as aktief uitgebeeld het.

**FIGUUR 7a**: **Billie Zangewa,** ***Ma Vie En Rose (My lewe in pienk),*** geborduurde sy tapesserie, 2015.

**FIGUUR 7b**: Bambo Sibiya, ***Zibuya Ngokuzolala Uma Zishukana Umqondo ('hulle het teuggekom om te slaap as hul geestelik uitgeput is')***, gemengde media op doek, 2018.

7.1 Kandidate moet die volgende vraag in 'n opstel beantwoord:
Verwys die kunswerke in **FIGUUR 7a** en **FIGUUR 7b** na die idee van vroue as passief en mans as aktief?

Hulle moet na die volgende riglyne verwys:

- **Aksies, kleredrag en voorkoms van die figure**

In **FIGUUR 7a** dra die vrou haar klein kind op haar heup terwyl sy met verskillende take in die kombuis besig is: sy tel 'n houer op van die toonbank terwyl sy nog 'n koshouer in haar ander hand het. Die vrou is informeel in haar japon en sy is kaalvoet. Haar liggaam is weggedraai van die kind op haar heup na die toonbankblad. Sy kom voor as aktief, in die huisomgewing, teenoor die tradisionele uitbeelding van vroue wat lêend uitgebeeld is.

In **FIGUUR 7b** is twee mans verdiep in die skaakspel terwyl vier ander mans om hulle saamdrom. Een van die mans het 'n bierbottel in sy hand en leun oor die skouer van een van die skaakspelers. Hy blyk geïnteresseerd te wees in volgende beweging. Die een skaakspeler en twee van die toeskouers dra veiligheidshelms wat geassosieer word met konstruksie of mynwerk. Sommige dra oorpakke wat deur hande-arbeiders gedra word, maar die skaakspeler met die blou mus dra oorpak met 'n ingewikkelde dekoratiewe druk wat soos pajamas eerder as werksklere lyk. Die toeskouer in die middel van die komposisie sit in diepe konsentrasie met sy hande gevou. Die stereotipiese beskouing van mans as aktief is nie sigbaar in die kunswerk nie aangesien die mans sit en speel in 'n ontpannende manier. Tog, is die veronderstel dat die figure in werksklere betrokke was in aksie as werkers.

- **Betekenis van die omgewing (aktiwiteit binne-in die omgewing)**

Die vrou in **FIGUUR 7a** is in 'n kombuis, 'n plek wat gewoonlik met 'n vrou geassosieer word. Ons sien kombuistoestelle soos 'n broodrooster, ketel, versapper en 'n stoof met 'n pot op, asook 'n rak met smaakmiddels soos speserye. In FIGUUR 7a is die gebruik van pienk op die mure en die vloer van die kombuis belangrik as gevolg van die stereotipiese assosiasie van pienk met meisies.

In **FIGUUR 7b** sit die mans wat skaak speel op lae sitplekke met die skaakbord geplaas op 'n krat tussen hulle. Hulle is handearbeiders wat 'n ruspouse neem. Dit lyk asof hulle buite sit. Die agtergrond het 'n herhalende twee-dimensionele dekoratiewe patroon wat lyk soos kontemporêre muurpapier wat gewoonlik binneshuis gesien word.

- **Gebruik van materiaal en styl**

In **FIGUUR 7a** het Zangewa die kunswerk geskep deur die gebruik van sy en borduurwerk. Hierdie materiale is tradisioneel met naaldwerk geassosieer wat as 'n vroulike aktiwiteit gesien word. Sy beeld die figure en kombuis in naturalistiese proporsies uit. Die vorms word verteenwoordig in 'n verplatte twee-dimensionele styl.

In **FIGUUR 7b** het Sibiya verf en teken media op doek gebruik. Sommige areas in die komposisie was in naturalistiese detail geskilder wat fyn gegradeerde toonwaardes, tekstuur en drie-dimensionele diepte wys. Dele in die onderste hoeke van die komposisie het onklare plat areas met ekspressiewe merke wat die buitelyne van die vorms uitbeeld.

- **Die belangrikheid van wit in elke komposisie**

Die gebruik van wit in sommige van die voorwerpe in **FIGUUR 7a** skep 'n visuele patroon wat die oog deur die komposisie lei. Die wit japon en klere van die kind trek aandag na die twee figure as fokuspunt.

In **FIGUUR 7b** het die kunstenaar wit as ligpunte op die klere en skaakstukke gebruik. Die vars wit lynpatroon agter die figure is in sterk kontras met die werkersklas figure. Dit raam hulle en beklemtoon die negatiewe ruimte van die komposisie. (10)

7.2 Kandidate moet bespreek hoe kunstenaars idees oor geslag aangespreek het deur TWEE spesifieke kunswerke te analiseer. (EEN kunswerk per kunstenaar).

Hulle behoort die volgende te gebruik as riglyne vir hul antwoorde:

- Geslagskwessies waaraan aandag gegee word
- Formele kunselemente
- Materiale en tegnieke
- Hoe die kunstenaars probeer het om die kyker te laat dink oor geslagskwessies (10)

**[20]**

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

***Wildernis Bisate*** bestaan uit ses ruim villas wat soos voëlneste op die bome rus. Hulle verwys ook na die vulkaniese pieke wat in verte staan. Die argitekte bring huldeblyk aan die tradisionele Rwandese argitektoniese tegnieke terwyl kontemporêre elemente ingesluit is.

**FIGUUR 8a en 8b**: Nick Plewman Argitekte, ***Rwanda Lodge, Rwanda Wilderness Bisate*** (Afrika), fotos geneem deur Crookes en Jackson, 2018.**FIGUUR 8a:** Steyn Studio, ***Garden Café,*** gekurfde eike balke, glas en beton, 2020.
**FIGUUR 8c and 8d:** Nick Plewman Argitekte, ***Rwanda Lodge, Rwanda Wilderness Bisate,*** ses ruim voëlnesagtige villas wat rus op die ruie plantegroei. Bisate beteken 'stukke" in Kinyarwanda wat verwys na 'n vulkaan se natuurlike erosie.

8.1 Kandidate moet 'n opstel skryf deur te verwys na FIGURE 8a, 8b, 8c en 8d te verwys en die volgende as riglyne te gebruik:

- **Identifiseer enige TWEE materiale wat die argitek in die konstruksie van die geboue gebruik het**

Kandidate moet TWEE materiale kies.

In **FIGURE 8d**, sien ons dekriet gras/strooi aan die buitekant van die struktuur met glas vensters en houtpale as stutte.

In **FIGURE 8a** en **8b**, sien ons die gebruik van klippe of stene op die vuurherd. Beton is gebruik op die vloere en trappe.

- **Verduidelik die funksie van enige TWEE materiale gebruik**

Die dekriet gras/strooi vorm die buitenste laag van die struktuur in **FIGUUR 8d**. Dit maak dat die struktuur inpas by die omgewing aangesien hulle soos voëlneste lyk wat in bome hoort. Dit is ook sigbaar binneshuis waar dit die plafon skep. Die dekriet is ook aanwesig op die mure van die koepel soos gesien in **FIGUUR 8b.** Die dekriet is omgewingsvriendelik. Die boumateriaal behou hitte snags en is koel gedurende die dag.

Die beton is gebruik om trappe en die vloer te skep. Die betonvloer is gepoleer. Die vloer is nie geteël nie, maar in sy natuurlike toestand gelaat (egtheid van die materiale).Dit verskaf 'n soliede en stewige basis aan die nes en gladde oppervlak in teenstelling met die getekstureerde plafon. Die trappe skep 'n gesonke leefarea.

In **FIGUUR 8d**, sien ons houtpale wat as ondersteuning gebruik word en om die strukture te lig bokant die grond terwyl daar minimale skade aan die grond gedoen word aangesien diep fondasies onnodig is.

- **Patroon en vorm van die gebou**

Die geboue is rond/koepelvormig en lyk soos neste, byekorwe of 'n vulkaan uitbarsting. Die plafon en mure het herhalende kromlynige lyne om hoogte te skep en die koepel te ondersteun. Dit beklemtoon ook die visuele voorkoms van 'n nes. Die bokant van die plafon skep 'n okulus of oog wat die krater van 'n vulkaan kan na boots. Dit lyk ook soos die son en versprei die lig.

- **Bespreek die verband tussen die gebou en omgewing**

Die strukture is omring deur die digte plantegroei. Die gebruik van natuurlike materiale maak dat dit lyk asof hulle hoort in die omgewing eerder as afgedwing op die omgewing. Dit smelt saam en raak deel van die oerwoud. (8)

8.2 Kandidate moet TWEE geboue/strukture bespreek wat hulle bestudeer het en geïnspireer het met die vernuwende gebruik van materiale en boutegnieke.

Hulle moet die volgende riglyne gebruik:

- Ontwerp van die struktuur
- Invloede
- Funksie
- Verduidelik hoe die materiale en boutegnieke in 'n vernuwende manier gebruik is (12)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou